**PJ Kriel** **25.01.2015**

## 1. Lied 1,2,5

## Evangelielesing en genadetoesegging: 1Petrus 1

*"[9]Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. [10]Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys."*

## 2. Lied 213: 1,2

## Nuwe wet en geloofsgehoorsaamheid: 1 Petrus 3 en 4

*3 "[13]Wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is? [14]Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. [15]In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. [16]Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster, daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het. [17]As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen.[18]Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is."* 4 *"[19]Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen."*

## 3. Lied 440

## Skriflesing en prediking: 1Petrus 4:1-6 en 5:10

4 *"Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het: [2]vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe nie meer beheers deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God. [3]In die verlede toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers deur julle heidense begeertes: losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg- en drinkpartye en afskuwelike afgodery. [4]Nou vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle. [5]Hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wat klaar staan om oor die lewendes en die dooies te oordeel. [6]Daarom is die evangelie immers ook verkondig aan dié wat nou dood is sodat, hoewel hulle as mense onder die oordeel was om na die liggaam te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos God lewe."*

*5 "[10]God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. [11]Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen."*

## 4. Lied 577:1-5

**PJ Kriel** **25.01.2015**

Inhoud Hierdie preek wys dat die wyse waarop die owerheid Christene se lewe beïnvloed deur hulle as misdadigers te brandmerk terwyl hulle diensbaar probeer leef, nie hul bestemming kan verander nie. God bepaal ons bestemming in sy diens. Hy is die skeepskaptein wat ons gekies het vir die vrag wat ons moet dra en hawe waarheen Hy ons met die vrag neem. In hierdie openbare geweld teen ons mag ons nie toegee aan die kollektiewe skuld waarmee die owerheid en geestelikes ons van ons roeping wil vervreem nie. Ons moet bly leef met die heerlikheid: “Ek het ’n vrag!”, “Ek het ’n hawe, ’n bestemming” en “Ek het ’n kaptein wat my deur die storms stuur.”

**Teks: 1 Petrus 5:10**

***“God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle ’n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak.”***

**Tema: God stuur ons deur storms na ons bestemming toe**

**1.** Daar is ’n groot verskil tussen dit wat ons lewe beïnvloed, en dit wat in ons lewe die deurslag gee.

Dit is die saak wat die apostel Petrus aan die gelowiges van die gemeentes wat gevestig was binne die gebied wat ons vandag Turkye noem, deurlopend in sy brief uitwys:

a. Wat ons lewe beïnvloed, is die skade wat mense ons onverdiend aandoen.

b. Wat in ons lewe die deurslag gee, is wat God met ons doen.

**2.** Wat was hierdie skade wat mense besig was om hierdie gelowiges aan te doen?

Hierdie brief van die apostel Petrus is so ongeveer 60 n.C. geskryf. Dit is in die opbou van die storm wat in 64 n.C. teen die Christene in die stad Rome losgebars het met die vervolging van die Christene deur keiser Nero.

Die spesifieke vorm van skade wat mense die Christene aangedoen het, verwoord die apostel Petrus in 1 Petrus 3:13:

*“Wie sal julle kwaad aandoen, as julle julle beywer vir wat goed is?”*

**3.** Die antwoord op die apostel se vraag was: die regering!

Die Romeinse owerheid, by name die keiser en die Romeinse gemeenskap.

Die regering het begin om deur die howe, die amptenare en staatsdiensinstellings die Christene gemeenregtelik kwaad aan te doen.

In hierdie optredes wat in stede en gemeenskappe plaasgevind het, was die plaaslike gemeenskappe die aanhitsers, die kwaadstokers en agiteerders. Hulle wou hê amptenare en die owerheid moes die Christene kwaad aandoen.

Die opstand teen Paulus en die Christelike gemeente in Efese oor die impak van hulle geloof in die Here op die verkoop van afgodsbeeldjies, is hiervan ’n sprekende voorbeeld. Hierdie kwaadstokery van die heidense en Joodse gemeenskappe teen die Christene het al meer in die Romeinse howe beland.

**4.** Hoekom?

Die apostel Petrus stel die rede hiervoor in hoofstuk 4 vers 4: *“Nou vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle.”*

Die rede vir die aggressie van die gemeenskap teen die Christene is omdat hulle hierdie stuk mensvreemdheid het om nie met die stroom van losbandigheid saam te gaan nie.

Dit is die onderliggende woede in die gemeenskap wat maak dat hulle as misdadigers uitgemaak word, en dan op die ou end deur die amptenare en owerheid onder hierdie gemeenskapdruk as misdadigers behandel word.

Christene word as misdadigers behandel, al beywer hulle hulleself vir wat goed is vir alle mense, vir die gemeenskap en die owerheid.

**5.** Só? Wat was die skade wat hulle aangedoen is?

Hoofstuk 2 vers 2 stel dit só: *“al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is.”*

Hierdie is nie sommer die gewone geskinder in die gemeenskap nie. Dit is om Christene as misdadigers te sien en deur die owerheidsinstellings as misdadigers te laat behandel op grond van die kwaadstokery, dit alles terwyl hulle hulle beywer vir wat goed en reg is in die gemeenskap.

Dit is werklike swaarkry, lyding en skade.

Dit was die storm wat op verskeie plekke in die Romeinse ryk aan die opbou was, en toe in die stad Rome deur keiser Nero tot uitbarsting gekom het.

Hierdie goddelose en losbandige keiser het volgens geskiedskrywers waarskynlik self ’n gedeelte van die stad Rome aan die brand laat steek om plek te maak vir sy ambisieuse bouprojekte. Die vuur het egter handuit geruk en ’n groot deel van Rome in puin gelê.

Die opstand van die gemeenskap het die keiser gereflekteer na die Christene, en omdat die gemeenskap alreeds ’n kwaadwillige houding teenoor die gemeente gehad het, het hy hulle as die kwaaddoeners verklaar wat hierdie misdaad sou

gepleeg het.

Daarmee het keiser Nero die volle staatsgeweld teen die Christene losgelaat en is hulle deur die owerheid as misdadigers in die Colosseum verbrand, gekruisig, gemartel en deur wilde diere verskeur tot vermaak van die gemeenskap, en as verontskuldiging van die keiser.

**6.** In die opbou in die provinsies tot hierdie storm, wys Petrus die Christene die verskil tussen storms wat die lewe van Christene beïnvloed en die Here wat hulle deur hierdie storms heen stuur.

Waarop moet Christene fokus?

Op die geweld, die dreiging en skade van die storms;

of

op wat die Here vir en met hulle deur hierdie storms heen doen?

Wat die Here in hierdie opbouende storm doen, word opgesom aan die einde van die brief as ’n samevatting van die hele saak, soos deur die brief aan die orde gestel:

terwyl die storm opbou en uitbars en woed, binne die skade en lyding van die storm, is God besig om hulle te rig, en moedig, sterk en standvastig te maak.

Hierdie openbaring van wie God is en hoe Hy God is, mag ons nooit só sien asof God daar ver bo en buite die storm is, en ons wat binne die storm is, maar net die krag en koers gee om self deur die storm te kom nie.

Die aksent in die Grieks in ons teksvers beklemtoon dit wat God sélf besig is om in hierdie storm te doen, nie soseer dit wat die Christene moet doen nie.

**7.** Kom ons lig dit met ’n voorbeeld toe – ’n skeepskaptein wat ’n skip deur storms na sy bestemming stuur!

Hierdie antieke skeepskapteins het baie meer gedoen as om maar net die boot te stuur. Hy het die vrag gereël, die bestemming van die vrag gereël, dit is, waarheen die vrag gevat moet word, en dan ook baiekeer die boot en die bemanning gereël. Hy reël die vrag en die bestemming: van een hawe na ’n ander hawe. Maar hy kies ook gewoonlik die boot.

Watter soort boot kies hierdie kaptein? Dit hang af. As dit ’n goeie kaptein is, kan hy enige boot kies want hy weet hoe om ’n boot reg te maak en seevaardig te hou.

In ons teksvers word gestel dat: *“10 God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle ’n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak.”*

Die Here is hierdie skeepskaptein wat kom en jou kies om ’n vrag te dra. Dit is wat ‘roeping’ beteken: die Here het jou gekies om ’n bepaalde vrag vir hom te dra na die bestemming wat Hy vir hierdie vrag bepaal het.

Die Here kies en roep jou om boer, werktuigkundige of verkoopsman te wees, en die vrag te dra van dit waarvoor Hy jou gekies het.

Hy kies jou as sondaar, maak jou as mens weer reg vir Sy diens en jou taak – wat die apostel noem ’n koninklike priesterdom, die genade om die Here weer te kan dien deur die vrag te dra wat Hy vir jou gee, na die bestemming wat Hy daarvoor bepaal.

Hierdie roeping tot diens word genoem: om te deel in heerlikheid. Die heerlikheid om die vrag te dra wat God vir my gee, na die bestemming waarheen Hy my stuur.

Dit moet u van uself ontdek. Die Here het u as die Groot Skeepskaptein gekies, herstel en toegerus om vir hom vrag te dra in hierdie wêreld.

**8.** Wat doen ’n skeepskaptein in ’n storm?

Wanneer jy sien hier steek die wind op, hier begin die deinings van die see groter word en hier begin die storm met sy geweld, wat is die eerste ding wat jy moet vra?

Nie: “Wat gaan van die boot word nie?”, maar, “Wat doen die skeepskaptein in hierdie storm?”

Die woorde van ons teks stel dit so: *“Hy sal ons self weer oprig.”* Hierdie woord in die Grieks beteken ‘volmaak maak’. Bedoelende die Here sorg dat alles reg is, en alles reg loop.

Wat doen ’n skeepskaptein op hierdie boot? Hy kyk dat alles reg is, van die enjin tot die kajuite en die dek.

Wanneer daar iets breek in die storm, dan is dit die skeepskaptein wat mense stuur om alles wat in die storm breek, weer vinnig reg te maak. “Oprig” beteken in hierdie storm sorg die skeepskaptein dat alles wat deur die storm beskadig word, weer regkom en reg werk.

In die storm is dit waarmee Hy die hele tyd besig is.

Wat doen die Here met ons as Sy dienaars wanneer ons in hierdie storms ingaan en die skade van lyding moet deurgaan?

Hyself rig ons op in en deur hierdie lyding en verlies. Hy sorg dat alles wat breek, heelgemaak word. Hy hou ons onskuldig en heilig in Sy diens. Hy sorg dat alles reg loop deur hierdie lyding heen: dat ons steeds die krag het om ons vrag, ons roeping, te bly dra, deur al die skade heen.

Hy sorg dat alles weer opgerig word in en deur die storm.

**9.** Ontdek ons wat die Here in die storm is en doen, dan val die drie ander woorde in plek en kry hulle hul regte betekenis:

Hy maak ons ‘moedig’, ‘sterk’ en ‘standvastig’!

Wat beteken hierdie drie woorde?

‘Moedig maak’ beteken nie mooi inspirerende woorde gee nie. Dit beteken ‘beveilig’, daarom die vertaling ‘bevestig’.

Die skeepskaptein is die hele tyd in die storm besig om alles te beveilig. Hy beveilig die vrag deur die hele tyd seker te maak dat die toue nog vas en reg is; hy beveilig die enjin deur die hele tyd te kyk dat die olie en diesel reg is; hy beveilig die boot deur dit reg te stuur deur die deinings en teen die wind in.

Hierdie beveiliging is nie iets wat die boot doen nie. Dit is die kaptein wat dit doen.

‘Moedig’ beteken hy maak alles so veilig dat hierdie storm nie die boot bedreig en van sy bestemming af sal wegdryf nie.

Dit doen die Here as skeepskaptein.

‘Versterk’!

Die belangrikste werk wat ’n skeepskaptein doen, is om in die storm die hele tyd te kyk dat die enjin reg is, gediens word en die hele tyd olie kry. Dit is die belangrikste kontrole en bestuur van die kaptein in die storm. Die enjin moet sterk gehou word.

Dit is mos wat ’n skeepskaptein doen. Want dit is die enjin wat die boot deur die storm moet vat.

Dit is wat die Here met ons doen. Hy reinig ons sodat ons God en ons naaste mag en kan liefhê. Wat doen die Here in storms? Hy versterk ons. Hy versterk ons nie deur die storm weg te vat, die golwe kleiner te maak of die winde ligter te maak nie.

Hy versterk ons deur die liefde waarmee ons hierdie vrag in hierdie storm moet dra, in ons te skep, en in ons in stand te hou. Hy gee hierdie liefde in ons in die storm, om juis binne hierdie storm verbind te bly tot liefde as die krag waarmee ons ons vrag vir die Here dra. Hy is die hele tyd besig om te kyk na hierdie enjin, deur die storm heen.

Die laaste woord is ‘grondves’ of ‘standvastig maak’.

Nou hoe sit jy ’n boot in die magtige deinings van ’n storm wat die boot op en af en heen en weer laat val – op vaste grond sonder om die ding te strand?

Jy sit daardie skeepskaptein agter die stuurwiel! En dan is hy standvastig. Jy sit nie een van die matrose agter daardie stuurwiel nie. ’n Skeepskaptein wat die stuurwiel vat, maak die boot standvastig,

Hierdie standvastigheid moet ons ook nie verkeerd verstaan nie. ‘Standvastig’ beteken nie dat die boot nie heen en weer geslinger gaan word nie. Die boot word wel heen en weer geslinger. Dit beteken nie dat die golwe nie bo-oor die boot gaan slaan en oor die dek gaan spoel nie. Dit gaan gebeur. Net so gaan die boot van koers af gedruk word.

‘Standvastigheid’ beteken nie alles is mooi en rustig nie. ‘Standvastigheid’ klink so! Hierdie stuurman weet wat Hy doen, Hy weet wat is die koers en rigting. Hy weet wat is die gevaar van hierdie golwe en wind, en hy sal dit met sy krag, wysheid en vernuf stuur sodat Hy die boot deur die storm by sy bestemming kan uitbring.

Dit is nie die omstandighede en omgewing wat bestendigheid gee nie. Dit is die stuurman wat deur die onbestendigheid en chaos heen, bestendigheid gee.

**10.** Dit is wie ons moet ontdek in hierdie storm waarin ons as kerk en gelowiges vandag is.

Die owerheid en die gemeenskappe waarin ons leef, maak asof ons misdadigers is. Hulle glo ons is misdadigers. Hulle wil hê ons moet in die gemeenskap die kwaad aangedoen word wat aan misdadigers aangedoen moet word.

Ons ervaar dit met al die amptenare voor wie jy elke dag in rye moet gaan staan, van ’n lisensie wat ek gehoorsaam aan die wet wil betaal, tot ’n paspoort wat jy volgens die wet van die land wil uitneem, omdat jy besig is om goed te doen. Goed besig om die land en Here se wette te gehoorsaam. Ons ervaar dit met ons reg op grondbesit. Ons wat eiendom koop en belasting betaal, is misdadigers vir wat ons besit deur koop en grondbriewe.

Hoekom word ons kwaad aangedoen terwyl ons probeer om goed te doen?

Ons moet ophou met hierdie nonsens om in onsself skuld te soek vir wat ons aangedoen word. Ons beywer ons vir wat goed is. Ons is ingestel om goed te doen. Die hele kerk is nog die hele tyd daarop ingestel.

U moet net een antwoord in die Bybel hoor! Dit gebeur omdat ons nie bereid is om met hierdie stroom van losbandige plundering van die land en sy reserwes saam te gaan nie. Dit is die enigste rede.

Verreken dit vir uself!

Hoekom word hierdie kwaad teen jou en jou familie gerig? Want jy wil nie met die stroom saamgaan nie. Jy is anders as die stroom. Die stroom van losbandige plundering van alles en almal.

U mag nooit die volgende in die Woord van God probeer hoor nie, want dit staan nie in die Woord van God nie: In hierdie storm is ek alleen. Die Here gaan my die krag vir hierdie storm gee. Die Here gaan my toerus vir storms. Maar as die storm kom, dan is ek alleen. Dan is dit net ek en die storm.

Die Christelike Kerk het hierdie waarheid by die apostel Petrus gehoor: Ons het ’n skeepskaptein!

Wie het hierdie vrag wat u dra, op u gelaai? Die skeepskaptein het dit op u gelaai!

Hoekom het hy hierdie vrag vir u gegee? Omdat hy u geroep het om dit na die bestemming te vat wat Hy as u Here daarvoor bepaal het. Hy het jou gekies daarvoor. Hy het jou geroep daarvoor.

En daarom het Hy jou weer rein, skoon, heilig en reg gemaak vir hierdie roeping en bestemming.

En as daar dan deur storms skade kom aan my, my lewe, my persoon, my eiendom, my veiligheid en naam, moet ek kyk na wat my beïnvloed – dit is die skade wat mense, die owerheid en sy amptenare my aandoen? (En u weet baie goed wat is die skade wat ons aangedoen word.)

Of, moet ek kyk na die Een wat my deur die storm na die besemming wat Hy vir my bepaal het, gaan stuur?

Hy sal my oprig in hierdie storm. Waar ek nie gaan weet waar links of regs is nie, gaan Hy my rig in Sy krag, wysheid en wil. Ek is heilig, ek is reg en ek is toegerus in diens van God!

En as daar iets breek, deur iets wat ek verkeerd doen of wat die storm sommer net afbreek, dan sal Hy my oprig, self heelmaak, terwyl die storm aan die gang is, nie eers by die hawe nadat ek self deur die storm moes kom nie.

Wat sal Hý doen? Hy sal my bevestig!

Hy sal die hele tyd alles veilig hou! Want ek dra Sý vrag! En Hy is besig om my na Sý bestemming te vat. Daarom moet u ook die volgende hoor, want ons natuurlike instink as ons skade ly, is om te voel ons het geen veiligheid nie, ons is weerloos, en ons is uitgelewer aan hulle wat ons kwaad wil aandoen.

God sal my beveilig! Hy bewaar my vir die bestemming wat Hy vir my het.

Maar meer as dit!

Ons mag maar bietjie koers verloor en koersloos raak in hierdie storm. Dit is mos verspot om te dink dat ’n boot nie in ’n storm van koers af gedruk mag word nie, so asof dit dan ’n slegte, onbestendige en waardelose boot sou wees.

Ons kan maar bietjie rigting verloor. Ons kan maar ’n bietjie deurmekaar raak. Ons kan selfs maar ’n bietjie moedeloos raak. Maar ons mag nooit dink of glo dat ons die stuurman is wat onsself deur hierdie storm heen moet stuur nie.

Dít is nie waar nie.

Die Here sê: “Ek sal julle grondves”. Terwyl die storm aan die gang is, sal die Here deur Sy krag u deur hierdie berekende kwaadwilligheid heen vat.

Watter krag gaan ons deur hierdie kwaadwilligheid heen vat, van die weerhouding van skool en universiteitsbeurse, studiegeleenthede, die ontneem van verdienste vir prestasie, die weerhouding van bevordering en die afneem van eiendom, die aanmoedig van die grypsug van die gemeenskap teen jou eiendom en die aanpor van woede en haat omdat jy jouself nie aan hierdie grypsug oorgee nie; u kan maar self hierdie lysie voltooi uit die kwaad wat u onverdiend aangedoen word!

Die Here sal die enjin laat bly werk: ek het die Here lief, en ek sal die Here bly liefhê; ek het my naaste lief, en ek sal my naaste bly liefhê; ek het myself lief, en ek sal myself bly liefhê.

Die Here is self besig om hierdie krag te skep en aan te dryf.

Ons moet breek met hierdie houding dat ’n storm is my of ons kollektiewe skuld.

Die kinders! Sê nou maar jy en jou pa is daar saam in ’n visvangboot op die dam, en daar kom ’n storm op. Dink julle ’n mens moet só gaan sit en dink daar op die boot: “Wat het ek verkeerd gedoen dat daar nou ’n storm is?” of “Hoe het ek hierdie storm veroorsaak?” of “Wat kan ek doen om te maak dat die storm weggaan?”

Broers en susters, ons moet ophou met hierdie houding en mentaliteit dat omdat ons onverdiend kwaad aangedoen word, omdat ons skade berokken word en skade moet ly, omdat ons deur die owerheid met die magte van die staat doelbewus kwaad aangedoen word, ons met ons skuld hierdie storm veroorsaak het, en as ons ons skuld gaan regmaak, die storm sal weggaan.

Weet u hoe is u dan? Dan is u soos ’n boot sonder ’n skeepskaptein, sonder ’n vrag en sonder ’n hawe!

’n Mens kry sulke bote. Hoe vaar sulke bote op die water?

Die kinders! As jy ’n boot het en hy het nie ’n enjin nie, hy het niks op hom nie, en hy gaan nêrens heen nie, hy lê maar net daar op die dam en daar kom ’n storm, waarheen gaan daardie boot gaan?

Net waarheen die golwe gaan! As die golf diekant toe gaan, dan gaan hy ook diekant toe. As die wind die anderkant toe waai, dan gaan hy ook anderkant toe.

Want hy het geen enjin, geen vrag en geen koers nie.

Broers en susters, en dit is hoe hierdie boetedoeningsgeestelikheid wat die kerk

Deurtrek, werk: “Dit is ons skuld, kom ons gaan saam met die golf.” “Al hoe ons hier kan uitkom, is om saam met die wind te gaan.” Want self het ek nie koers, of ’n vrag of ’n skeepskaptein nie.

Die skade wat ons aangedoen word, is nie ons skuld nie! Ons is nie misdadigers nie!

As u nou nog weer ’n keer binne u gewete en gemoed wil gaan krap en rond grou met die oortuiging: “Ja maar ons het iets verkeerds gedoen. Ons moenie maak asof ons nie iets verkeerds doen nie”, stel dit dan duidelik! Is u ’n misdadiger? Wie van u wat met hierdie skuldpolitiek wil besig wees, kan eerlik teenoor uself die volgende erken en dit as die waarheid van uself glo: “Ek is ’n misdadiger!”?

Nie sommer so algemene “Ek is ook maar ’n sondaar”, “Ek maak ook maar foute”, “Ek kan nie sê ons doen nooit iets verkeerd nie”, maar helder en duidelik die openbare verantwoordelikheid só aanvaar: “Ek is gemeenregtelik ’n misdadiger!” Verdien jy en jou kinders om soos misdadigers behandel te word?

Kom ons hoor weer wat die Here in Sy Woord sê: *“Na ’n kort tydjie van lyding sal die Here jou by jou bestemming uitbring en in hierdie lyding sal Hy oprig, bemoedig, versterk en grondves.”*

Waarna kyk ons?

Kyk u na die skade waardeur mense ons lewe beïnvloed? Hoeveel keer moet ek nog hierdie waterpype wat gesteel word, vervang? Hoeveel keer moet ek nog weer pompe wat gesteel is, vervang?

En wat het ek gedoen om te moet aanvaar dit is hoe ek behandel moet word, want die polisie wil die kwaad wat ek aangedoen word, nie as misdaad hanteer nie, omdat ek in hulle gemoed eintlik die misdadiger is?

Wat het ek gedoen om só behandel te word?

Weet u wat is die antwoord? Niks!

Maar jy kan kies of jy saam met hierdie stroom van losbandige plundering wil gaan, en of jy met hierdie innerlike heerlikheid wil leef: “Ek het ’n vrag!”, “Ek het ’n hawe, ’n bestemming” en “Ek het ’n kaptein.”

Hierdeur sal ek gaan, want Hy weet hoe om die skeepskaptein te wees!